Kinderfees weer in September

Bank Windhoek het aangekondig dat die Bank Windhoek Kidz Fun Fair vanjaar op 10 en 11 September by die SKW in Olympia plaasvind. Soos met die vorige twee feeste, word die handelskou weer deur Limelight Event Marketing gereël.

Tydens die ondertekening van die ooreenkoms tussen Bank Windhoek en Limelight, het Marlize Horn van die bank gesê dat hulle trots en opgewonde is om die kinderfees weer van stapel te stuur. "As ons kyk na die sukses van die vorige twee feeste, kan ons weer uitsien na 'n opwindende geleentheid. Ons is daarvan oortuig dat die nuwe venue vir meer opwinding sal sorg en 'n geleentheid vir innovering en positiewe verandering meebring."

Die Bank Windhoek Kidz Fun Fair is 'n unieke geleentheid in Namibië en bied 'n uitstekende kans vir voornemende uitstallers om hul produkte en dienste aan die jeug en hul ouers ten toon te stel.

In 2009 het die fees sowat 7 000 besoekers gelok en die syfer het tot meer as 10 000 in 2010 gegroei.

Die besturende direkteur van Limelight, Gabriela Raith, het gesê dat met 'n vennoot soos Bank Windhoek, hulle daarvan oortuig is dat vanjaar se skou 'n selfs groter sukses sal wees. "Ons sien daarna uit om bestaande en nuwe uitstallers te verwelkom. Na afloop van die eerste twee feeste, is ons nou selfs meer bewus van wat Namibiese gesinne verwag van hierdie soort fees en met die ondersteuning van Bank Windhoek, gaan die 2011 Kidz Fun Fair selfs groter en beter wees."

Die program vir 2011 word tans gefinaliseer en besoekers kan uitsien na 'n rits nuwe opwindende geleenthede en uitstallers.

Vir meer inligting oor die Bank Windhoek Kidz Fun Fair en om 'n stalletjie te bespreek, kontak Gabriela Raith by limelight.em@iway.na of by 081 297 9098. Nuwe uitstallers word aangemoedig om die organiseerders so vinnig as moontlik te kontak, aangesien ruimte baie beperk is. Besoek www.kidz-fun-fair.com vir die jongste inligting.

• Marlize Horn (links) van Bank Windhoek en Gabriela Raith van Limelight Event Marketing, onderteken die ooreenkoms om die Bank Windhoek Kidz Fun Fair aan te bied. Foto: Verskaf